# Rustenburg Gemeenskapskerk

**5 November2023**

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

## Vandag by die Kerk





**09h00 - Erediens**
**09h00 - Kleuterkerk**
**10h00 - Kategese**
**Tee en Versversings**

## Belangrike datums op ons Kerk-kalender

**26 November- Kerssangdiens**
**- Kategese afsluiting**
**- Lighthouse Kersfunksie**
**3 Desember - Nagmaal**
**- Belydenis van geloof geleentheid**

## RGK Rugby Wêreldbeker Superbru

Baie gemeentelede en nie lidmate het aan hierdie lekker Rugbyraai deelgeneem. Dit is darem só lekker dat die Springbokke steeds wêreld-kampioene is. Ons eie Elaine Opperman (Omgeegroep 8) het die kompetisie loshande gewen! Tielman Herbst was 3de en Bernhard Visser 4de! Onder die eerste 10 was ook Yvonne Bester, Cobus Bouwer en Esta Möller. Baie geluk!

## Is God se genade genoeg of nie?




Die tollenaar het op 'n afstand bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het vol skuldbesef op sy bors geslaan en gesê: "O God, wees my, sondaar, genadig!" (Lukas 18:13). Daar is verskillende vlakke van beloning in die hemel, skryf 'n Amerikaanse skrywer 'n keer in 'n artikel. God red ons uit genade, sê hy. Nogtans gaan God dié wat harder vir Hom gewerk het eendag spesiaal beloon. Gelowiges kan nie hulle redding verloor nie, borduur hy voort, maar hulle kan wel hulle beloning misloop. Toe klink dit vir my na 'n kompetisie waar ons die regte geestelike balkies moet verwerf om "sekere sitplekke" in die hemel te verwerf. Nadat ek hierdie artikel gelees het, begryp ek opnuut hoe aanstootlik genade vir party godsdienstiges is. Hulle weier om met leë hande voor God te staan! Vra maar vir die tollenaar wat met 'n sak vol skuld voor God stelling inneem in Lukas 18:9-14. God se genade beteken beslis nie dat ons kan agteroorsit en leef soos ons wil nie. Dit sê wel dat God ons red op grond van sy liefde en ontferming. Genade sê ook dat Jesus alle prestasie-metings op die pad vorentoe namens ons afgehandel het. Daarom leef ons tot Sy eer met dankbaarheid. Ons weet God het ons almal ewe veel lief, want Hy is ewe veel ons almal se Vader. God trek regtig nie sommige mense voor en verwaarloos die res wat nie goed genoeg presteer nie.

## -i toonbank in portaal vir:



- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

## Kos vir Behoeftiges gholfdag by Mooinooi



**Baie baie dankie vir almal wat gehelp het om ook van hierdie projek 'n sukses te maak. Dankie vir:**
** Die spelers wat ingeskryf het**
** Die borgskappe en donasies**
** Die gemeentelede wat kom uitstal het**
** Die hulp met die organisering en beskikbaarheid op die dag**
**Die goeie gesindheid van almal wat daaraan deel gehad het. Ons dank die Here.**

## "Lighthouse drukkie-tannies"



Elsa Doubell vertel my hoe groot die klein babatjies se velhonger is. Sy vertel ook watter rol aanraking in 'n mens se lewe speel. Wie kan 'n baba een uur per week kom vashou?

Skakel asb vir Esta 082 377 8682

## Teebeurte



5 Nov - Wyk 9+10
12 Nov—Wyk 11+12



## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
 EFT
 Stoporder



Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Verjaarsdae 5 – 11 November 2023



7-Andrew Truter(s)
8-Miané Coetzer, C J Oelofse
9-Fioni Schoeman
10-Johan Smit,
Yolandi Smit
Nellie Burger, Gertie de Meyer
11-Hercules Smit



## Voorbidding benodig

**- Ivy Swart(1) - Mariza Schutte(2)**
**- Henk Beumer(1) - Shaun Lottering**
**-Theunette Engelbrecht**
**- Frikkie Visser(1) - Miemie Nel(1)**
**- Alwyn Barnard(1)**
**- Susan Schoeman (8)**
**- Breggie Opperman(1)**
**- Hannetjie Barnard(1)**
**- Ansie Botha(14)**
**- Marinda Grobler(3)**



## Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep.

Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086